

Hoe moet ons bid?

## Hoe moet ons bid?

Eerstens voor ons kan bid tot VADER, moet ons die eenheid verstaan, m.a.w. erkenning van VADER, Seun en Sy Gees, wat binne-in al Sy uitverkore is. Baie bid willekeurig en weet nie werklik tot wie hy eintlik bid nie. Ander bid weer met 'n agenda en dit is 'n gruwel voor VADER. Ps.66:18 ; 109:7 ; Jes.44:17-19 ; Spr.28:9 ; Ese.8:10-16.

Ons wat die eenheid verstaan moet nou leer soos die dissipels by YAHUSHA geleer het. YAHUSHA wat die VADER aan ons bekend kom stel het, het ons in al Sy wandeling vir ons gewys hoe Hy VADER eer in Sy gebede.

*(Ek wil eers 'n voorbeeld daar stel sodat die begrip maklik kan intree. 'n Jongman ontmoet 'n meisie wat sy hart verbly. Sy aan haarkant voel dieselfde. Met die verblyding van die paartjie is die besluit dat die jongman die pa wil ontmoet en om toestemming van hom te vra vir sy dogter se hand. Met die goedkeuring van haar pa kan hy nou met haar uitgaan en eendag met haar trou. Elke keer as hy die meisie wil uitneem, moet hy eers wegkom by die pa, nadat hy vir hom die leviete voorgelees het. Die dag as die twee besluit om te trou, gaan die meisie se pa hom aanneem as sy seun (skoonseun), m.a.w. hy word nou deel van sy meisie se gesin. So kan ek die vergelyking ook omdraai na die man se huis).*

Ons moet VADER soos YAHUSHA aansien met eervolle respek; lofprysing en hoogagting moet ons Hom gee. Ons moet VADER sien op Sy troon met YAHUSHA aan Sy regterhand. (*Hand.7:55,56*) In dankbaarheid moet ons bid dat VADER ons die geleentheid gee dat ons met YAHUSHA mag wandel en dat VADER YAHUSHA aan ons geopenbaar het. Ons moet VADER dank dat Hy YAHUSHA as Bruidegom afstaan aan Sy ("*meisie*") uitverkore; dat ons met Hom kan wandel en eendag met Hom in die huwelik kan tree. (*Joh.6:65*) Ons moet bid vir genoegsame voeding (*gees- of vleeslik*) nie net vir 'n dag nie, maar ook vir die dag daarna, m.a.w. dat daar altyd genoeg kan oorbly vir die dag van more ook. Vra vergifnis van wetend en onwetende wetsoortredinge. Smeeek beskerming teenoor satan. Sluit jou gebed weer af met dank en lofprysing.

YAHUSHA het 'n voorbeeld vir ons gegee hoe om te bid in *Luk.11*. Ons moet mooi verstaan dat die gebed so gegee is om te leer hoe om te bid. *Onse Vader*, (ons weet dat YAHUSHA ook 'n Vader is. Mal.1:6 maar YAHUSHA praat van Sy VADER) *U wat in die Hemele woon, help ons om U Naam rein te hou.* (Watter Naam? Joh 17:6 staan: Ek het u Naam geopenbaar. Joh 17:26 staan: En Ek het U Naam aan hulle bekend gemaak Joh 5:43 staan: Ek het gekom in die Naam van My VADER, m.a.w. YHUH -SHA ) *Laat U koninkryk kom,*(Hoekom sê YAHUSHA, laat U koninkryk kom?

Ons weet dan tog dat die koninkryk toe al reeds gekom het. Luk.17:21; Matt.16:28) sodat *almal op aarde U kan eer soos daar by U in die hemele. Gee vandag ons daaglikse brood vir more se behoefte, en vergewe ons, ons skuldige dade soos ons die vergewe wat teen ons skuld het. Moet ons nie te hard toets nie. Laat nie toe dat ons versoek word deur die bose een nie, en hou ons veilig weg van hom; Want aan U behoort dié Koninkryk, Krag en Lofprysing, tot in ewigheid. Amein*

So moet julle bid (Mat.6: 9 tot 13 / Luk.22: 1 tot 4)

*Onse VADER, U wat in die hemele woon, laat U Naam 'n toevlugsoord wees; laat U koninkryk tot ons kom, sodat almal op aarde U kan eer soos daar by U in die hemele. Gee asseblief vandag ons daaglikse brood vir more se behoefte. Vergewe ons, ons skuldige dade teenoor U Wette, soos ons die vergewe wat teenoor ons skuld het. Laat nie toe dat ons versoek word deur die bose nie, en indien, laat toe dat terugkering na U altyd moontlik sal wees. Aan U behoort dié Koninkryk, dié Krag, en dié Lofprysing in ewigheid.  
In U Seun Amein*

---

Ons moet verstaan dat die model gebed van YAHUSHA daar vir ons is om van te leer; dat VADER en Sy koninkryk ter sprake is. Ons kan YAHUSHA ook in die model gebed plaas; hoekom? As die gebed gaan vir diegene wat nog soekend is na die Koninkryk.

In Open.3:12 staan:... *Ek sal op hom die Naam van My VADER skrywe en die naam van die stad van My VADER, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van My VADER neerdaal, en My nuwe Naam.* Drie Name sal op Sy uitverkore volk staan, "die wat weet om te bid."

Ter opsomming:

Groet VADER in die oggend as jy opstaan (*pleit beskerming*).

Wandel na gebed met YAHUSHA die heeldag en kommunikeer met Hom.

Dank VADER by al jou etes deur die dag (*in dankbaarheid*).

Groet VADER in die aand as jy gaan slaap (*pleit beskerming*).

Ek gee graag riglyne van my gebed:

Ek groet VADER en sê dankie vir YAHUSHA. Ek loof en prys VADER se grootheid. Ek dank Hom vir al die seëninge. Ek lê my behoefte voor Hom neer. Ek lê my voor Hom neer om te doen soos Hy behaag. Ek smee Sy beskerming teenoor die bose. Ek sluit af met eerbied en lofprysing.

My gebed begin so: "In die Naam van YAHUSHA", VADER .....m.a.w. ek begin dadelik met VADER praat in SY Seun se Naam.

Die gebed sluit so: "In U Naam YAHUSHA", lê ek my gebed voor U, Laat U wil geskiet, m.a.w. ek sluit my gebed om na YAHUSHA te draai tot gebed verhooring. [Dit is soos 'n brief wat jy skryf aan jou mense. Eers moet dit gesensor word {weermag} en dan mag dit gepos word.]

Praat en gesels met YAHUSHA gedurende die dag soos Dawid gesê het in Ps. 119:164 Ek loof U sewe maal elke dag oor U regverdige verordeninge.

Weerhou lang gebede tot VADER, maar wandel met 'n oop hart met Hom. Bid saam met eensdenkende broers (*Mat. 18:20*)

Ns. Die beskerming wat ons nodig het is teen die bose een; hy wat sit met 'n tydelike heerskappy; hy wat beheer het oor die demone. Die wat speel met geeste oproep of kommunikasie soek met die afgestorwenes wat die spel bord of glasier, glasier gebruik, mense al doen jy iets onskuldig glo my jy speel met vuur. Die mag van die duistere een is ontsettend sterk en ver bo ons mense krag.

Wat my verbly is dat enige demoniese krag nie by die krag 'n engel van YHUH kom nie; hoeveel te meer YHUH se eie krag. Ons sien elke dag die grootheid van YHUH in alles rondom ons.

Besef YHUH se ALMAGTIGE KRAG! Besef daar is 'n realm wat ons nie in kan sien nie, en tog is dit daar. Tog is dit daar waar die engel magte woon en luister na VADER en YHUH SY Seun. Dink net logies; sal VADER ons alleen laat in satan heerskappy? Nee dan was ons lankal tot niet! Die engele veg elke dag vir ons teen die bose in daardie realm wat ons nie kan sien nie, maar tog daar is. Hoekom sê ek so? Omrede satan na die aarde uit die "Hemel" (nie Hemele nie) gewerp is op die aarde in daardie realm.

Kry gerus my verduideliking op "you tube" "Onbekende realm" oor die Hemel en Hemele.